3 Maart Esegiël 33:1-11, (Teks: Openb. 3:19b en Eseg. 33:11)

Bekeer jou!

Is jou lewe voor God onberispelik? Is jy nie dikwels net so lou soos die lidmate van die kerk in Laodisea nie? Jy ken jouself. Jy weet van die donker skuilhoekies van jou lewe. Wel, so sondig as wat jy is kom maak God met jou bemoeienis. Hy het jou nie losgelaat nie. Hy het dit immers nie met sy kerk in Laodisea gedoen nie.

Nee, Hy wil hê jy moet dit vir jou 'n saak van erns maak en jou tot Hom bekeer. Ook by jóú staan Hy voor die deur en Hy klop. Hy roep jou daagliks deur sy Woord en die werk van die Heilige Gees op om van jou sonde af te sien, jou lewe te verbeter en om Hom van ganser harte te dien. En as jy sy stem hoor, moet jy nie jou hart verhard nie. Wanneer jy jou nie bekeer nie, is dit geheel en al jou eie skuld (Rom. 3:19,23).

Aan die ander kant: Wanneer jy wel tot bekering kom, dan is dit net God se genade. Niemand kan na die Vader toe kom as Hy jou nie na Hom toe trek nie (Joh. 6:44). Hy géé dit aan jou om in Christus te glo (Fil. 1:29). Hy werk in jou deur sy Woord en Heilige Gees om sy wil te doen (Fil. 2:13).

En wanneer Hy in jou aan die werk is, moet jy sy werk nie teenstaan nie. Wanneer Hy jou bekeer, moet jy jou laat bekeer (Klaagl. 5:21). God wil hê dat jy van jou sondige en koppige optrede moet afsien - en lewe!

Sing: Skrifberyming 44.3,4 Dr. A.H. Grové (Klerksdorp-Noord)